Nuusbrief - Noordelike Sinode

verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Kontak ons by** tel 012-440 6525; e-pos: hermien@noordsin.co.za of kom **besoek ons by** Sinodehuis, Steve Bikostraat 125 (B), Sunnyside.
- **Noordelike Sinode se facebook** (http://www.facebook.com/noordsin) en **twitter** (http://www.twitter.com/noordsin)
- **Kampterreine:**
  - **Badseloop**: *Vir besprekings, kontak* ***Francois Genis****, 071 777 9302 of 014 743 0152, epos badseloopjeugkamp@gmail.com*
  - **Emmarentia Geldenhuys (AcaDeo)**: *nuwe webwerf:* www.egst.co.za
  - **Magaliesberg:** ***Willem Rautenbach*** *- 0717916039 of magaliesbergjeugkamp@gmail.com of Facebook by https://www.facebook.com/magaliesbergjeugkamp/*

23 Junie 2017
Nr 24/2017

Warm nuus!

- **Suid-Kaapse brande:** Die volgende berigte het in ***VrydagNuus,*** *die amptelike nuusbrief van Wes-Kaapland*, verskyn:
  - **Oorweldigende reaksie - Soveel dankbaarheid!** Ons is saam met die betrokke gemeentes opreg **dankbaar** vir die oorweldigende reaksie vir hulp aan die slagoffers van die onlangse brande (en storms in die Kaapse Skiereiland.) Ons is **opgewonde** dat die bystand wat aangebied word, nie net finansieël is nie; mense skenk hulle tyd, hulle vaardighede. Mense is met hande, voete en harte in die Suid-Kaap en vergestalt tussen die hartseer, roet en as deur hoe 'n gemeenskap van gelowiges lyk en werk.
    Ons hoor van skenkings van ons broers en susters in Marikana en die RCJ (Reformed Church in Japan) - kollegas wat trauma persoonlik beleef het. Ons ontvang kennis van insamelings en inbetalings van so wyd as Namibië, Goudland, die Oos-Kaapland (om maar enkeles te noem). Ons hoor van ons kollegas in die NG Kerk in die Vrystaat wat tydens hulle sinodesitting besluit het om 'n bedrag van R1 miljoen aan die rampfonds van die NG Kerk in SA te skenk om die nood in dié streek te verlig. **Baie dankie vir elke vorm van meelewing. Bid asb vir die Suid-Kaap.**

  - Lees gerus ook hoe **Eugene Barnard** (NG Knysna) skryf.

  - **Wat leer ons?** Na net meer as 'n week van erge brande en trauma in die Suid-Kaap, maak Nioma Venter (PSD: Diaconia), graag van die sinode se kant af 'n paar opmerkings oor wat ons tot hiertoe ervaar het en verduidelik hoe die sinode se rampfonds werk. Nioma kon die afgelope week 'n paar Suid-Kaapse gemeentes wat deur die brande geraak is, besoek - lees hier wat sy skryf.

- **Skrifinterpretasie en Skrifgesag Konferensie** – *Spesiale aanbod!* **R220 in plaas van R350...**
  Aangebied deur Noordelike Sinode in samewerking met Excelsus.
  27 Julie 2017 van 08:00-16:30 by **NG Brits**, h/v Kerk- en Reitzstraat
  Sprekers: *Andries Kritzinger, James Kirkpatrick en André van Niekerk*
  6 VBO-punte word verdien!
  Koste: R220.00 [Sluit vingerete, koffie, tee en sap in]
  Navrae: Fanie Cronjé, 083 415 1452
  [**Kliek hier** vir die **program** en **inskrywingsvorm**]
  Sluitingsdatum: 24 Julie 2017!

Sinodale nuus

❖ Bybel-lees met 'n verskil

Die **volgende byeenkoms** vind op ***27 Junie 2017*** om 11:00 by **Blue Crane Restaurant** plaas.
** **Skriflesing**: *Matt 10: 26 - 42*
** **Navrae:** Fanie Cronjé (083 415 1452) of Kobus Myburgh (083 227 7185)

❖ "DinkJeugNoord"

Die Sinodale Diensraad (SDR) het in opvolging van die proses wat by die Sinodesitting van Oktober 2016 begin is, drie prioriteite vir die Noordelike Sinode tot die volgende Sinodesitting in 2020 bepaal, nl. Missionale kerkwees, Jeug en Leierskap. Die Taakspan Jeug beplan 'n gespreksgeleentheid op **Dinsdag** ***29 Augustus 2017*** te AcaDeo (Emmerentia Geldenhuys kampterrein), buite Bela-Bela. Dit sal van van 9:00 tot 15:00 duur en alle predikante en jeugwerkers word genooi om te kom saam dink, kuier en beplan. Persone wat wil, sou reeds die 28e se aand op die terrein kon oornag. **Kontak** gerus die taakspanleier, *Corné Randall*, vir meer besonderhede by 072 207 8350 of by corne@ngoverkruin.org.za.

❖ Skoliekamp 2017: "Gerat vir die lewe"

Datum: ***3-8 Julie 2017***
Waar: Magaliesberg Jeugkampterrein
Vir volledige besonderhede, **kliek hier** of skakel die Admin kantoor: *Kerk-in-Suid* by 012-6582280.

❖ "Survivorkamp" (Badseloop): *17 - 21 Julie 2017*

Graad 8 en 9 leerlinge: Die Noordelike Sinode - Ring van Pietpotgietersrus bied 'n **SURVIVORKAMP** aan vir alle Graad 8 en 9 leerlinge, te BADSELOOP (± 13 km suid van Naboomspruit (Mookgopong). *Dis 'n avontuur-ervaring, waar ons jongmense net deur dinge wat hul ervaar en doen, meer van hulself en hul talente leer.* **[Lees hier meer...]**

Kollega nuus

❖ Baie geluk

Paulus en Marlisa Burger [Pretoria-Oos] met die geboorte van hulle dogtertjie **Moya**.

❖ Beroep

Cornel Viljoen [Doornpoort] het die beroep na Houtbaai aanvaar. Sy afskeidspreek vind op Sondag 25 Junie 2017 plaas.

❖ Emeritaat

Gert Badenhorst [Wonderboom-Suid] en **Leon van Heerden** [Rietfontein-Suid] ontvang op ***25 Junie 2017*** hulle emeritaat.

❖ Verjaarsdagwense *Hartlik geluk aan die volgende persone met die herdenking van hul geboortedag:*

26/06 Len Munnik [Emeritus, 083 335 5665]
28/06 Eddie de Waal [Daspoort, 076 604 9177, eldugar@gmail.com]
Jannie du Plessis [Emeritus, 082 603 2863, dupja@lantic.net]
29/06 Tienie Bosman [Suidoos-Pretoria, 083 627 5086, tienie@stellastraat.co.za]
Attie van Niekerk [Emeritus, 082 856 1942, attievn@gmail.com]

****

25/06 Ansie van den Heever [Eldoraigne, 012-654 2342, vdhj100@gmail.com]
30/06 Lindy Alice Bootha [Magalieskruin, 082 786 4834, priester79@gmail.com]
Lourens Grobler [Pierneef, 076 841 1568, paullet@ngkpierneef.co.za]

Gemeente nuus

❖ Verjaarsdae: Baie geluk!

Rietfontein-Noord [Gestig 27/06/1952]
Waverley [Gestig 28/06/1952]

❖ Bulawayo: Nuus van die Samewerkende Afrikaanse Kerke

Ds **Theunis Botha** skrywe soos volg: "My en my vrou Adri se voltydse bediening in Bulawayo en Zimbabwe het in April 2017 na vyf en 'n half jaar tot 'n einde gekom. Voorheen was die Afrikaanse Kerke in Bulawayo vir 12 jaar sonder 'n voltydse predikant van enige van die drie Kerke tot met ons koms. Dit was vir ons 'n Godgegewe voorreg om hierdie vyf jaar in Zimbabwe te kon arbei. [**Lees hier verder**...]

❖ Pierneef: Wintermark

Datum: ***23 & 24 Junie 2017*** [09:00-18:30]
Waar: Pierneefstraat 954
Gesellige teetuin, wit olifant, koekies, konfyt, wegneemetes, opvoedkundige speelgoed, skilderye, leer handsakke, juwele, serpe, geskenke, verskeidenheid handgemaakte produkte, kreatiewe kindervermaak, hondejassies en meer!
Kom maak 'n draai!!!

❖ Mootvallei: Zama-Zama Vakansieprogram

Datum: ***3-7 Julie 2017*** (08:00-14:00)
Navrae: Ds Landi Botha: 079 182 2387; Jan-Mari du Toit: 071 687 0357; Willie Körb: 084 485 9245; Dr Retha Kruidenier: 082 413 8462; Dr Jan Botha: 076 481 5683; NGK Mootvallei: 012 335 0611

❖ Universiteitsoord: 24ste Kaskarkermis

Datum: ***28 Julie 2017***

- Kom deel in die pret saam met die studente van Universiteitsoordgemeente by ons jaarlikse basaar met 'n verskil. Soos in die verlede word die fondse wat ingesamel word vir die studentebediening aangewend.
- Buiten kaskarrenne vir laerskool-, hoërskool- en studentespanne is daar groot pret vir die jongspan en wonderlike stalletjies met heerlike geregte en ander vars produkte.
- Stalletjies open reeds om 13:00 en sal oop bly tot 22:00.
- Kom geniet die dag saam met Universiteitsoordgemeente.

Vir meer inligting kontak *Marius* by 082 789 7963 of *Petra* by die kerkkantoor 012 362 0663/4.

❖ Overkruin: Kaiingfees

Datum: ***29 Julie 2017*** (08:00-14:00)
Waar: Die Hervormde Kerk Wonderboom, Marjoramlaan 84, Wonderboom.

- **Kontak** Anél by 082 459 1474 vir meer besonderhede oor die Jagpakket.

❖ Overkruin: Inligtingseminaar en -gesprek

Datum: Saterdag, ***5 Augustus 2017*** om 09:00-12:00
Sprekers:

- Ons brein en Demensie - 'n Neuroloog (Wat gebeur met ons brein? Kan ons dit voorkom? Waarom is professionele diagnose so belangrik?)
- Tuisversorging deur die huweliksmaat – wat behels dit alles? - *Dr Hilda Kleynhans* (Geriatriese Verpleegkundige in privaatpraktyk)
- Saam oppad na Newelland - 'n Emosionele reis en afskeid van 'n Demensie-huweliksmaat – *Ds Petrus Moolman*

Toegang: Gratis – maar vywillige kollekte om koste te dek.
Terwille van verversings: Bevestig asb bywoning by kerkkaneoor (012-567-2177)

❖ Noordoos-Pretoria: Wintermark

Datum: ***9 Augustus 2017***

Adres: Anna Wilsonstraat Kilnerpark
Kunsmark – Kindervermaak – Baie te eet; pap & kaiings, melkkos, kerrie & rys, hoender wraps, pannekoek ens ens OTM fassiliteit

❖ **Wonderpark: Wonderliggiefees**
Datum: ***25 Augustus*** tot ***3 September 2017*** (Gesluit op Sondae) - Elke dag 10:00 – 21:00
Waar: Berglaan 1849, Amandasig, Akasia
- Kunsmark, Wegneemetes, Teetuin, Veilige parkering, Jeugvermaak.
- **Optredes**:
  Polisieorkes – 30 Aug – Gratis om 19:00
  Touch of Class - 25 Aug – R100pp om 19:30
  Buster en Bella – 26 Aug – R50pp om 09:00
  Theuns Jordaan – 26 Aug – R100pp om 19:00
  Heuwels Fantasties – 02 Sept – R100pp om 19:00

Navrae: aendres@intekom.co.za

❖ **Wespoort: Lente-karnaval**
Datum: ***9 September 2017***, vanaf 09:00 tot laat.
Kom geniet 'n heerlike dag saam met ons by NG Gemeente Wespoort, Morkelstraat 77, Danville.
Navrae: 012 386-5782.

Ander nuus

❖ **Wat het die Kerk toe besluit?**
Diegene wat soms wonder wat die kerk oor die een of ander saak besluit het, kan gerus kennis neem: die argief op Stellenbosch het groot vooruitgang gemaak met die digitalisering van sinodebesluite.
Op die argief se webwerf (http://kerkargief.co.za) is 'n lekker gebruikersvriendelike soekenjin. "As jy byvoorbeeld 'aborsie' daar sou intik, sal dit binne 'n paar sekondes die hele webwerf deursoek en vir jou die lys in konteks gee," vertel **Bossie Minnaar** (PSD: Argief). *[Met dank oorgeneem uit VrydagNuus]*

❖ **Projek Winterhoop**: ***1-30 Junie 2017*** **-** Besoek http://www.winterhoop.org/ vir volledige inligting.

❖ **Excelsus nuus: Making sense of grief – Workshop on grief assessment and intervention**: ***20 July 2017***
Spreker: Dr Nelia Drenth
Waar: Kapel by Stabilis Rehabilitasiesentrum, Haarhoffstraat 1229, Môregloed.
Tyd: 08:30-14:00
Koste: R550 – **Registreer** asseblief **voor** ***15 Julie 2017*** **[Lees hier verder...]**

❖ **Nuusbriewe**
- **Bybel-Media nuus** [Besoek www.bybelmedia.org.za]
  * **Nuusbrief**: Dié week is die fokus op die **jongste *Kerkbode*** en 'n goeie **Bybelkor-publikasie**: *Cultivating Missional Change*
  * **e-Kerkbode**: Naas die harde kopie van Kerkbode is 'n elektroniese weergawe ook beskikbaar. Teken *gratis* in by: www.kerkbode.co.za en ontvang die kerknuus kraakvars op jou rekenaar.
  * **Kerkbode - app**: (Android selfone, tablette en Apple iPhone en iPad). Die *app* is *gratis* beskikbaar by *Google Play* en Apple se *App Store*, en kan maklik opgespoor word deur vir die sleutelwoord "Kerkbode" te soek. **[Lees hier verder...]**

- **CLF-nuus** [Besoek www.clf.co.za]
  A Family of Reformed Churches in Africa – Remarkable stories of God's grace (***Gideon van der Watt & Mariëtte Odendaal)***
  This is the first book in many decades to tell the story of the Reformed Churches in Africa. It is unique in giving information about the history, growth and the current state of the Reformed Churches in Southern Africa and Africa

as a whole. It is a wonderful book, worth reading; it records the history of all the Reformed Churches founded by the Dutch Reformed Church.
The book also helps readers to rediscover the unity of these churhes, their shared history, identity and calling .... as part of the one body of Christ. This is a rich resource for ministers and laity at large, within each of the churches, to learn how big and wide the Reformed Church in Africa is.
Available at Christian Literature Fund @ R160 (Excluding postage) per copy. For more info or orders contact 021 873 6964 of e-mail info@clf.co.za

Gebedslys

*Hiermee **'n vriendelike uitnodiging aan ons lesers** om enige **sake vir voorbidding** aan ons te stuur by hermien@noordsin.co.za.*

- **Almal wat gedurende die winter koud en/of honger gaan slaap [Projek Winterhoop]**
- **Die pad vorentoe vir almal wat skade gelei het met die brande in die Suid-Kaap**
- **Waternood in die Wes-Kaap.**

Vakatures, aflosposte en aflos-aanbiedinge

❖ 2016 Proponente

Kontakbesonderhede van die proponente wat in 2016 gelegitimeer is:

- *Bernard Barnard* [072 275 7392; bernard.barnard@hotmail.com]
- *Eddie Brown* [082 305 3972; malmaneddie@gmail.com]
- *Antje du Plessis* [Kontak haar by 078 095 0616; antjeduplessis@gmail.com]
- *Berenice Esterhuyzen* [072 794 5928; aesterhuyzen@clinix.co.za]
- *Jaco Heymans* [084 264 4895; jacoheymans@yahoo.com]
- *Danielle Laubscher* [082 496 9024; daniellelaubscher317@gmail.com]
- *Bernice Serfontein* [083 417 5133; bernice.serfontein@gmail.com]
- *Dirk Steyn* [079 023 8539; dircoeste@gmail.com]
- *Marileen Steyn* [082 701 3258; marileen.steyn@gmail.com]
- *Stanwin Street* [079 525 5695; stanwins@gmail.com]
- *Anandie Vosloo* [083 251 7213; anandievosloo@gmail.com]

❖ Vakatures in Kerkbode geadverteer

Besoek: *http://kerkbode.christians.co.za/category/vakatures/*

❖ Lys van leraars en emeriti wat aangedui het dat hulle beskikbaar is om deeltyds of op 'n kort termyn uit te help - Kliek hier

Ten slotte

Blom van die Kremetartboom, wat ook 'n integrale deel van ons logo uitmaak...

BYLAES

Skrifinterpretasie en Skrifgesag Konferensie
Aangebied deur Noordelike Sinode in samewerking met Excelsus

SKRIFINTERPRETASIE EN SKRIFGESAG

Konferensie aangebied deur Noordelike Sinode in samewerking met Excelsus

27 JULIE 2017

NG Brits (H/V Kerk en Reitzstraat)
Sprekers: Andries Kritzinger, James Kirkpatrick en André van Niekerk

PROGRAM

08:15 Registrasie
09:00 Verwelkoming

09:15 Sessie 1 **Skrifinterpretasie, Skrifgesag en 'n verantwoordelike hermeneutiek**
Aanbieder: dr James Kirkpatrick met tyd vir bespreking
10:45 Tee
11:15 Sessie 2 **Belydenisskrifte en die kanonisiteit van die Bybel**
Aanbieder: dr Andries Kritzinger met tyd vir bespreking
12:45 Ete
13:30 Sessie 3 **Skrifinterpretasie, Skrifgesag en 'n verantwoordelike etiek**
Aanbieder: dr André van Niekerk met tyd vir bespreking
15:00 Tee
15:20 Sessie 4 **Toemaak van die gesprekke**
Elke aanbieder het 15 minute om die gesprek rakende sy tema toe te maak

16:15 Afsluiting
16:30 Verdaag

Skrifinterpretasie en Skrifgesag

Stuur hierdie vorm saam met bewys van betaling aan Rika van Rensburg, e-pos: excelsus@up.ac.za

INSKRYWINGSVORM		
Persoonlike inligting	**Naam**	
	Van	
	Instelling of gemeente	
	E-pos	
	Kontaknommer (Selnommer)	

Registrasie	Fooi	**R220,00 per persoon**
	Kursus	**Skrifinterpretasie en Skrifgesag**
	Kursusdatum	**27 Julie 2017 (08:15 – 16:30)**
	Plek van aanbieding	**NG Gemeente Brits** **H/v Kerk- en Reitzstraat, Brits**
	Sluitingsdatum	**24 Julie 2017**
Instruksies	Vorm	**Stuur bewys van betaling aan excelsus@up.ac.za**
	Verwysing	VBO gevolg deur u voorletters en van
	Bevestiging	Ontvangs van inskrywings geskied per **e-pos**. Kontak Rika van Rensburg vir navrae by 012 420 6738 (08:00 – 13:00)
Bankbesonderhede vir elektroniese betalings: Bank: ABSA Naam van rekening: TSO Rekeningnommer: 142 0830 463		

Takkode:	632005
Tak:	PRETORIA

Terug

Making sense of grief- Workshop on Grief Assessment and Intervention

Presenter: Dr. Nelia Drenth (Social worker in Private Practice)

"Grief has a quality of healing in it that is very deep because we are forced to a depth of emotion that is usually below the threshold of our awareness"

(Stephen Levine)

Grief has many faces and is a painful experience when a loved one dies. You are invited to this multidisciplinary professional's workshop where we will discuss grief and share experiences of care and support for the bereaved person.

Date	Time	Venue	Cost	Closing date for registration
20 July 2017	0830 - 1400	**Moregloed, Pretoria**	R550	15 July 2017

This interactive workshop covers the following:

- Concepts of grief
- Theoretical basis of grief (including Dual Process Model of Bereavement)
- Assessment – the core component
- Complicated grief
- Brief discussion of Grief Intervention techniques

What is included?

- Certificate of attendance (SACSSP -4 CPD points ; SAAP - ; NG Kerk -)
- Coffee, tea and refreshments
- Workshop notes

Registration

- Please complete the attached registration form and email to neliad@wol.co.za, together with proof of payment
- You can also contact Dr. Nelia Drenth should you require more information: 0828211792
- Maximum number of attendees - 30

Dr. Nelia Drenth is a social worker with extensive experience of bereavement counselling and has authored and co-authored several peer reviewed articles in both local and international scientific publications.

REGISTRATION FORM

BEREAVEMENT COUNSELLING
20 July 2017

Name and surname (as will appear on certificate)	
Profession	
Professional board registration number	
Organization	
Postal address	

E-mail	
Contact number	
Where did you hear about the workshop?	
Special dietary requirements	

PLEASE NOTE

1. The cost of the workshop is ***R550.00*** per delegate.
2. **Please send both** proof of payment and registration form to be registered for the workshop.
3. Registration closes **7 days prior** to the workshop. Take note that a **maximum of 35** delegates will be registered.
4. A 50% cancellation fee will be charged for cancellations after the closing date for registration.
5. No fees or part thereof are refundable for "no shows" or cancellations on the day of the workshop.
6. Additional fees could be charged for special dietary requirements.
7. If you are unable to attend and would like to send a substitute, please inform the organisers prior to the workshop.
8. The organiser reserves the right to make changes to or cancel the workshop in extraordinary circumstances in which case all fees will be reimbursed.
9. An attendance register must be signed on the start and at the end of the workshop – for the sake of CPD.

Banking details
CM Drenth
Standard Bank
Acc no 012328286
Branch No 010945
Reference: **Name, surname, and date of workshop**
E-mail proof of payment together with completed registration to neliad@wol.co.za

_____ _____
Signature **Date**

Terug

Survivorkamp" (Badseloop): 17 - 21 Julie 2017

Graad 8 en 9 leerlinge: Die Noordelike Sinode - Ring van Pietpotgietersrus bied 'n **SURVIVORKAMP** aan vir alle Graad 8 en 9 leerlinge, te BADSELOOP (± 13 km suid van Naboomspruit (Mookgopong). ***Dis 'n avontuur-ervaring, waar ons jongmense net deur dinge wat hul ervaar en doen, meer van hulself en hul talente leer.***

Ons kamp vind hierdie jaar plaas vanaf Maandag**,** ***17 Julie*** **tot** Vrydag, ***21 Julie 2017*****.**

Bekende leraars van die NG Kerk wat goed onderlê is, jonk van hart is en die Graad 8/9 kind baie goed ken, tree op as **Geestelike leiers**. Ons gebruik net ons beste en bekwaamste mense om die kamp vir elke jongmens onvergeetlik te maak.
Die **koste** vir die kamp beloop **R670** per persoon PLUS busgeld van **R120-00** vir die Pietersburg- en Potties bus.

Navrae: Skakel gerus die kampleier ***ds Wimpie Jordt*** [sel 083 230 2244, epos: kudu@lantic.net]

Inskrywingsvorms beskikbaar by: ***Me Anita Hurn*** [tel 015 491 3537, faks, 015 491 3537 / 086 547 2382 of e-pos: admin@ngpottiessuid.org.za

****

"Personeel": Ons het ook plek vir 'n klompie jongmense (Matrieks / Studente) om as **"personeel"** saam te kamp. Die personeel kamp vanaf: Saterdag**,** ***15 Julie 2017*** (09:00) ***tot*** Vrydag, ***21 Julie 2017*** saam met ons.
NB: Personeel **moet** die verpligte personeel opleidingsnaweek, van 15 *en 16 Julie 2017 bywoon!*
Die **koste** vir dié kamp beloop **R670** per persoon.

Terug

Nuus van die samewerkende Afrikaanse Kerke in Bulawayo

Ds **Theunis Botha** skrywe soos volg: "My en my vrou Adri se voltydse bediening in Bulawayo en Zimbabwe het in April 2017 na vyf en 'n half jaar tot 'n einde gekom. Voorheen was die Afrikaanse Kerke in Bulawayo vir 12 jaar sonder 'n voltydse predikant van enige van die drie Kerke tot met ons koms. Dit was vir ons 'n Godgegewe voorreg om hierdie vyf jaar in Zimbabwe te kon arbei.

Ek wil die geleentheid gebruik om elke liewe gemeente, predikant en lidmaat wat op een of ander wyse meegeleef het met die wel en weë van die gemeente te bedank. Dankie vir donasies, goedere, besoeke voorbidding en predikante wat in Bulawayo kom preek het. Ek kan getuig dat klein druppeltjies groot wonderwerke tot gevolg gehad het. Dr Gus Claassen (vorige moderator van die Noordelike Sinode) se besoek in hierdie periode word opreg waardeer. Op 6 September 2015 vier die NGK Bulawayo sy 120e bestaansjaar (1895). Ons was bevoorreg om hierdie geleentheid saam met die gemeente, die eerste gemeente van die NGK noord van die Limpopo te kon vier in dankbare erkenning teenoor die Heer van die Kerk. Die gemeente was ook bevoorreg dat ds Paul Grobler (Direkteur Noordelike Sinode) daardie naweek saam met die gemeente kon kuier.

In 2013 het die Here die gemeente gelei om 'n Kerkskool in Bulawayo te begin vir die kinders van behoeftige gesinne. Ons het begin met 12 kinders, en was binne een jaar reeds 25, met nog aansoeke van buite die gemeente wat ons net nie almal kon akkomodeer nie. Daar was geen inkomste begroting vir die skool nie, maar deur donasies en hulp vanuit Suid-Afrika, Botswana, Namibië, VSA, Oostenryk, die Noordelike Sinode en die ring van Midde Afrika en ander gemeentes in Zimbabwe kon ons deur Sy groot genade hierdie skool laat voortgaan tot op hede. Dankie aan almal wat hulle harte en hande oopgemaak het vir die juwele van God se Koninkryk: Kinders. Terloops, die skool se uitgawe begroting is gemiddeld 20 000 Amerikaanse dollar per jaar.

Dit is met groot hartseer dat ek en Adri, wat ook 'n personeellid was by Little Flock of Jesus Mission School (die Kerkskool) hierdie bedieningsterrein moet verlaat. Ons kollegas in die ring het familie geword en ons het saam met so baie lidmate gedeel in die lief en leed wat dikwels maar eie was aan die omstandighede in Zimbabwe.

My en Adri se bede is dat ons lidmate en gemeentes van die Kerk nie Bulawayo sal vergeet nie. Dit geld vir die gemeente en die skool. Ons is terdeë bewus dat gemeentes in die RSA ook begin buk onder die las van die ekonomie en die politiek. Maar ons weet dat daar wel die 'n oop hart en hande is soos toe ds Piet Grobler, emeritus van Koedoeskop in Januarie besoek kom aflê het met twee ouderlinge. Hulle het te midde van een van die grootste droogtes in die Limpopo Provinsie, by indiwidue en 'n paar gemeentes in die verre Noorde oor die sestig duisend rand ingesamel vir die gemeente en die skool. Ek sal die trane van blydskap en verhoorde gebede daardie aand toe hy dit in Bulawayo oorhandig het nie vergeet nie.

Die situasie in Bulawayo en Zimbabwe is tans dat kontant nie meer geredelik beskikbaar is nie. Al is daar geld in lidmate se persoonlike rekenings, is die banke "leeg". Gevolglik is dit vir pensioenarisse nie lonend om in toue te gaan staan in die hoop om dalk gelukkig te wees om miskien 'n klein gedeelte van hulle pensioen te kan trek nie. Dieselfde met salaristrekkers, indien jy nog bevoorreg is om 'n werk te hê. Wat dit ook moeliker maak as laas in 2008 toe dit so benard gegaan het in Zimbabwe, is dat daar groot beperkings is op goedere wat mens in die land kan inneem sonder om invoerbelasting te betaal.

Ons bede is dat julle nie moeg sal word om goed te doen nie. Moet nie u eie gemeentes afskeep nie, maar moet ook nie ons broers en susters in hierdie besondere gemeente van unieke sigbare samewerking vergeet nie. Dra hulle in u gebede en meelewing, maar bid ook Vir Zimbabwe vir betekenisvolle transformasie netsoos u ook vir Suid Afrika moet bid. Mag die Here die kerk in Midde Afrika seën en vir hulle voorsien wat nodig is, materieël maar ook in bediening van die Woord.

Ek help nog waar ek kan deur sover moontlik een maal per maand die gemeente te besoek en te doen wat nodig is.

Navrae kan gerig word aan: *Sue Bonnet* (Saakgelastigde) by drcbulawayo@gmail.com of *Francois van der Zee* (Skriba) by francois@hi-tec.co.zw."

Terug

Bybel-Media nuusbrief 11/2017

Lees in die Kerkbode van 23 Junie ...

... nuus oor die hulp van oral oor instroom na die Suid-Kaap om die nood te verlig wat ontstaan het nadat brande op plekke soos Knysna en Plettenbergbaai verwoesting gesaai het.
Daar is ook nuus oor die vergadering van die Vrystaatse sinode en van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke se gevolgtrekking dat dié land se regering sy morele legitimiteit verloor het.
Lees ook die verhaal van 'n lidmaat in die Laeveld wat 'n verskil in die lewens van duisende ander maak, van 'n bediening in die Verenigde Arabiese Emirate en van die onlangse predikantekonferensie van die Oostelike Sinode.
>e-Kerkbode: Naas die harde kopie van Kerkbode is 'n elektroniese weergawe ook beskikbaar. Teken **gratis** in by: www.kerkbode.co.za en ontvang die kerknuus kraakvars op jou rekenaar.
>Kerkbode - app: (Android selfone, tablette en Apple iPhone en iPad).
Die *app* is **gratis** beskikbaar by *Google Play* en Apple se *App Store*, en kan maklik opgespoor word deur vir die sleutelwoord "Kerkbode" te soek.

Jongste Bybelkor-publikasie:

(Bekendgestel op Stellenbosch en by Vrystaat sinode – oral positief ontvang.)

Cultivating missional change

The future of missional churches and missional theology
Editors: Coenie Burger, Frederick Marais & Danie Mouton
Cultivating missional change reflects extensively on developments in the broad missional movement since the publication of the seminal book *Missional church* (1998). Purposely looking backwards, it endeavours to discern the way forward for missional theology and missional churches.
This publication is the outcome of a conference on the future of missional theology and missional churches, held in 2015 in Stellenbosch, South Africa.
The book is much more than conference papers. Important themes concerning the future of being missional surfaced during the conference. The collection, therefore, includes ten chapters written afterwards, serving as an indispensable roadmap for the continuing conversation on central missional themes.
Although critical of the way in which some missional views and practices developed, *Cultivating missional change* is convinced the term "missional" is just too important, too central and too meaningful for the Christian tradition to be abandoned.
Cultivating missional change offers a clear understanding of being missional, and promotes a more biblical and well-defined grasp of the Christian church as a missional church.
Prys: **R390,00** (BTW en posgeld ingesluit).

Inligting, Navrae en Diensverskaffing:

- Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210
- Of stuur jou bestelling per e-pos na: bestel@bmedia.co.za
- Of koop met jou kredietkaart op die webtuiste: www.bybelmedia.org.za , klik dan op winkel, óf tik die produknaam in.

Terug

Vakatures, aflosposte en aflos-aanbiedinge

Die volgende predikante is beskikbaar vir preekbeurte en/of afloswerk:

- ***Pieter Berrange*** *[082 925 3634, dspieterberrange@gmail.com]*
- ***Anton Binneman*** *[083 236 3590, drbinneman@gmail.com]*
- ***Gerhard Bothma*** *[082 412 3479, gerhard@drgerhardbothma.co.za]*
- ***Willie Crous*** *[072 536 6775, willie.crous@gmail.com]*
- ***Corrie Greeff*** *[082 928 5586, cwgreeff@absamail.co.za]*
- ***Zachie le Roux*** *[083 799 5911, zachie.leroux@gmail.com]*
- ***Ernst Muller*** *[012-527-0015 of 082-656-1107, erdvark@xsinet.co.za]*
- ***Fanie Steyn*** *[012-997 5003, 082 441 1500, fsteyn7@gmail.com]*
- ***Stanley Strydom*** *[083 299 1090, stanley.strydom@gmail.com]*
- ***Wynand van Beek*** *[083 265 1118, wynandbe@nfp.nedbank.co.za]*
- ***Danie van Niekerk*** *[082 045 6881, vanniekerkmail@gmail.com]*

Die volgende emeriti het aangedui dat hulle beskikbaar is vir preekbeurte en/of afloswerk:

- ***Jannie Botha*** *[083 303 9767 of 012-344 3768, jjbotha@mweb.co.za]*

- ***Henk Gous*** *[083 267 0108, e-pos: henkgous@mweb.co.za]*
- ***Hennie Horn*** *[082 743 9238 of 012-548 5796, henniehorn@telkomsa.net]*
- ***Anton Jordaan*** *[083 380 0346, adoonsjordaan@gmail.com]*
- ***Casper Krüger*** *[082 387 1099 of 012-348 3205: cek3kr@gmail.com]*
- ***Martin Lazenby*** *[079 493 4957, doklazenby@gmail.com]*
- ***Louis Louw*** *[012-9931574 of 072 461 663, louisklouw@absamail.co.za]*
- ***Barend Piek*** *[072 185 4297, piek.barend@gmail.com of plaaspad@polka.co.za]*
- ***Bertus van der Westhuyzen*** *[082 788 4466, b@telkomsa.net]*
- ***Louis van Deventer*** *[012-567 6566 of 082 567 0945, louisvand@absamail.co.za]*

Terug

Skoliekamp 2017: "Gerat vir die lewe"

Terug

GERAT VIR DIE LEWE

As jy voel dat jy 'n verskil kan maak
en die hoop en liefde van Jesus
met ander wil deel,
dan is Gerat vir die Lewe vir jou!

SKOLIEKAMP 2017

Ons gaan kyk na hoe ons verhoudings met onsself, ons omgewing, ouers, vriende en dalk ook met daai spesiale iemandlyk.

Ons gaan sien hoe verskillende organisasies God se genade en liefde aan ander uitdeel en ons gaan ook self betrokke raak.

Ons gaan ook baie fun hê, nuwe vriende maak en leer hoe ons 'n verskil kan maak!

As dít soos JY klink, beter jy inskryf om Gerat vir die Lewe by te woon!

Wat moet ek weet?

WANNEER
3 - 8 Julie 2017
WAAR
Magaliesberg Jeugkampterein
HOEVEEL
R1 200
(vervoer, kos en verblyf ingesluit)

Vervoerreëlings

VERTREKTYD
3 Julie om 10:00
AANKOMSTYD
8 Julie tussen 15:00 - 16:00
PLEK
Kerk-in-Suid,
Cotielaan 306, Centurion

Wie kan ek kontak?

Facebook: Skoolverlaterskamp
E-pos: skoliekamp@gmail.com
Tel: 012 653 2280
(Admin kantoor: Kerk-in-Suid) of
082 468 3678 - Ds Simon van den Heever
082 565 9435 - Ds Pieter Visser

Wat vorige Skolies te sê gehad het?

Die kamp was life changing!

Dis die meeste pret wat ek nog in my lewe gehad het!

REKENINGBESONDERHEDE
Bank: ABSA
Tak: Mall @ Reds Takkode: 632005
Rekeningnr: 3260147608 Rek. tipe: Tjek
Verwysing: Skolie se Naam en Van